Helderberg vier debuut by wynfees

Die Helderberg se nuwe Waterkloof-wynkelder neem vanjaar vir die eerste keer aan die Stellenbosch-wynweek deel.

Dié wynweek, wat verskillende aktiwiteite en geleenthede op wynplase van die Stellenbosch-wynroete behels, duur van 24 tot 31 Julie. Dit gaan die Stellenbosch-wynfees, wat van 30 Julie tot 2 Augustus plaasvind, vooraf.

Wyn-entoesiaste kan die Waterkloof-kelder se wynmaker, mnr. Werner Engelbrecht, ontmoet by dié splinternuwe kelder – wat vanjaar sy eerste oes gehad het – se eerste wynproe vir die publiek wat op 24 Julie om 19:00 by die kelder se nuwe proelokaal teen die hange van die Schapenberg gehou word.

Meer inligting is beskikbaar by www.wineroute.co.za. – **Carin Smith**

Die Burger 17 Julie 2009